Bronnie
Die The
# Bronberger

fokus op die landelike leefwyse / focus on country living

Junie/June 2024 Vol.22 No.10

gratis/free

info@bronberger.co.za
www.bronberger.co.za
012 734 0522

*Nou ook beskikbaar via WhatsApp en e-pos*



## Binne / Inside:


- Prospekteerders kry groen lig – bl 6
- Tragedie tref diereskuiling – bl 9
- Vang maar eers jou eland – bl 22
- Dragtige ietermagog gered – bl 8
- Roem kom helaas te laat – bl 14
- The cost of an unlived life – p 26



V-Tek
Service Centre
MAX A/C
AUTO REPAIR & MAINTENANCE
Services Offered
Routine Maintenance Services
Oil changes
Major Services
Wheel alignments
Brake inspections and repairs
Battery checks and replacements
Transmission services
Tyre rotations
Air conditioning services
Repair and Replacement Services
Engine repairs and replacements
Transmission repairs and replacements
Suspension and steering repairs
Electrical system repairs
Exhaust system repairs and replacements
Interior upholstery
DPF regeneration
Complete Diagnostic Services
Computerized engine analysis
Airbag System diagnostics & repairs
Fuel system diagnostics
Electrical system diagnostics
Fault code reports
Schedule an appointment:
012 803 4021 / 071 335 6453
And let us take care of all your vehicle maintenance & repairs!
www.vtekservicecentre.my.canva.site/
012 803 4021
50 Graham Road, Shere Pretoria East
RMI
miwa




RAYTON H/v R515 & R104, Jan Ellis Winkelsentrum
MORELETAPARK De Villebois Mareuilstraat 1267
012 940 0511
www.waterpumpgroup.co.za
admin@waterpumpgroup.co.za
Water Pump Group
sustainable reliable solutions
PROUDLY SOUTH AFRICAN
Professionele en omvattende watervoorsiening
• BOORGATPOMPE • SONKRAGPOMPE • DRUKPOMPE
• VSD POMPE • DOMPELPOMPE • BESPROEIINGS TOEBEHORE
• TENKS • VERVAARDIGING VAN HDPE & LDPE PYPE
• BOORGAT TOETS EN INSTALLASIES • EN ANDER WATER TOEBEHORE
Besoek ons winkels vir al jou benodighede en professionele diens.




INYATI DRILLING
INYATI DRILLING
ONS DIENSTE:
Ons verskaf dienste wat wissel van eksplorasie en perkussie tot blaasgat boor.
Of jy waterputte nodig het wat geboor moet word, monsters vir omgewings-impakstudies, geotegniese ondersoeke of mynbou-eksplorasie, jy sal vind dat ons die toerusting, kundigheid en personeel het om die projek doeltreffend te hanteer.
012 940 0507
sales@inyatigroup.co.za
www.inyatigroup.co.za
1 BOORGAT BOOR
2 SIMMETRIESE BOOR
3 ODEX BOOR
4 BOORGAT SPOEL|SKOONMAAK
5 DIAMANT KERNBOOR
6 OMGEKEERDE SIRKULASIE BOOR
7 PRODUKSIE BOOR
8 GEOFISIESE OPNAME

Bronnie
Bronberger

**Junie/June 2024**

**012 734 0522** / www.bronberger.co.za



**• Redaksie •**
**Angie Kleijn 012 734 0522**
**info@bronberger.co.za**
**WhatsApp/Telegram: 083 959 1016**


## Advertensie: Navrae en Bespreking

Bel ons nou vir jou wenner-advertensie in ***Die Bronberger***. Ons staan jou by met raad, daad, fotografie en die opstel en uitleg van jou advertensie teen geen ekstra koste nie. Jy kry 'n gratis proef vir goedkeuring voor plasing. 'n Advertensie in ***Die Bronberger*** bring nuwe voete na jou besigheid. Ons bereik die min ontginde koopkrag in die ooste van, en ten ooste van Pretoria met 'n publikasie wat die mense regtig wil lees. Vra gerus ons gereelde adverteerders of volg die lesersmeelewing in ons briewekolom.

Bel ons by 012 734 0522 of stuur 'n e-pos na info@bronberger.co.za.
Besoek www.bronberger.co.za.



**Tania 072 089 0227**
**tania@bronberger.co.za**



**Hannes 072 992 5440**
**hannes@bronberger.co.za**
**Rayton, Cullinan,**
**Bronkhorstspruit**

**Uitgegee deur:** Die Bronberger, Posbus 92366, Mooikloof, 0059 Tel: 012 734 0522;
Faks: 086 650 7860
E-pos: info@bronberger.co.za
Gedruk deur Seriti Printing Digital, Derdepoortstraat 318, Silverton

**Advertensie & redaksionele navrae en -bydraes**
Tel: 012 734 0522

**Verspreiding / Distribution:** Die Bronberger word teen die middel van elke maand versprei:
Toonbankverspreiding in: Olympus, Zwavelpoort, Shere, Tygervallei, Hazeldean, Silver Lakes, Boschkop, Tierpoort, Rietfontein, Mooikloof, Bashewa, Grootfontein, Welbekend, Bapsfontein, Klipkop, Witpoort, Kleinzonderhoudt, Mooiplaats, Donkerhoek, Pienaarspoort, Kleinfontein, Vaalbank, Valtaki, Cullinan, Rayton, Bronkhorstspruit, Kaalfontein, Faerie Glen, Moreletapark, Waterkloofrif, Menlyn, Wapadrand, Lynnwoodrif, Willows, Equestria en Garsfontein.

**Kopiereg**
Kopiereg word op alle redaksionele materiaal in dié uitgawe gehou. Terwyl alle voorsorg deur die uitgewer en redakteur geneem word, kan ons nie verantwoordelik gehou word vir enige foute of uitlatings nie.

**Bladuitleg**
**Jeanette**
**083 258 2665**
**jeanette@bronberger.co.za**

Vintage Graphic Designs








## Waardering vir die Bronnie

**Maryke Combrink van Mooikloof:** Laat my net my waardering uitspreek vir julle tydskrif en die moeite wat julle daarmee doen. Ek het dit eers onlangs onder oë gekry nadat ek Mooikloof toe verhuis het.

**Pauline Jooste van Bronberg-aftreeoord:** Baie dankie, ek waardeer dit elke maand so om my Bronnie te ontvang! Die voorblad is weereens so pragtig! Goed gaan.

**Riaan Jacobs van die Bronkhorstspruit-distrik:** Baie dankie vir die puik redaksie en inhoud. Ek lees ***Die Bronberger*** van voor tot agter elke maand.


**Trienie Botes van Cullinan:** Ek wil asseblief van die geleentheid gebruik maak om baie dankie te sê vir die plasing van ons resepteboek onder Mymerkos in die nuutste uitgawe. Dit word opreg waardeer! Baie dankie vir dit wat julle vir die gemeenskap doen en beteken.

## Trapfietsryers op teerpaaie

**Izaak Rabie van Grootfontein**
As nuwe intrekker wil ek eers dankie se vir u tydskrif. Danksy ***Die Bronberger*** en vriendelike mense, kon ons redelik gou ná ons intrek in Pretoria-Oos agterkom waar die nodige dienste in die omgewing is.
Iets wat my opgeval het, is die trapfietsryers wat op 'n smal Garstfonteinweg soms selfs twee-twee langs mekaar op die teerpad ry. Volgens my waarneming blyk daar voldoende grondpaaie langs Garstfonteinweg te wees vir ons fietsryers?
Kan ek dalk net verneem wat gedoen kan word, om dit vir almal veiliger te maak? As die teerpad wyer gemaak word, kan hulle dalk vier-vier langs mekaar ry.
*Motoriste se klagtes oor fietsryers op Bronbergland se paaie kom al 'n baie lang pad en menige lesersbriewe is al oor dié onderwerp vir die Bronnie geskryf. Inwoners het selfs al met fietsryklubs, wie se lede soggens in spitstyd op die paaie oefen, gaan praat. Dit blyk nie asof enige oplossing gevind is om die situasie vir almal veiliger te maak nie. – Red*

## Have you seen Nay-Nay?

**Kristen de Klerk from Tierpoort writes:**
My baby boy has been missing for months and I just want to find him so badly. I really want his photograph in ***The Bronberger*** so that everyone can see. I offer a reward of R2 000.
He is a short-haired black and white cat, is very reserved and is not a people person. He is a very shy boy and responds to the names Nay-Nay or Jay-Jay. He was born in 2015, is now seven years old and has a scar on his lip.
He has been missing since 25 October 2023 and was last seen in Tau Street, Tierpoort. If you see him, please phone me at 071-746-0771.




*Nay-Nay*

## Kosbare nalatenskap

**Marqueret von Wielligh van die Bronberg-gebied:**
'Terugslae, tragedies en teleurstellings van Villieria se taalpionier–stigter' in ***Die Bronberger*** se Mei-uitgawe: Baie dankie vir die kosbare inligting rondom GR Von Wielligh. Hy was die broer van my man se oupa, Marthinus von Wielligh. My man, HJ von Wielligh, se broer is ook Marthinus von Wielligh.



GR von Wielligh was die persoonlike landmetergeneraal van oud president Paul Kruger. Volgens 'n storie, wat ons nie weet of dit 'n voldonge feit is nie, was die grond tydens die opmeet van die Krugerwildtuin vir Paul Kruger so mooi, dat hy dit Niemandsland genoem het.



*GR von Wielligh en president Paul Kruger se handtekeninge onderaan die kaart*

Dit is glo nêrens opgeteken en geregistreer nie. Ons sal bly wees as die skrywer van die artikel dit kan navors. Sodoende sal ons dit by die geskiedenis kan byvoeg of weglaat.
My man sê, volgens sy oupa in Hendrina – waar GR gewoon het – se weergawe, dat die Portugese die kalk in sy oë gegooi het omrede hulle jaloers was toe GR die opmetings tussen Transvaal en Mosambiek gedoen het.
Ek heg 'n oorspronklike landmeterskaart aan wat GR von Wielligh geteken en opgemeet het. Die kaart is deur hom en president Kruger in die jaar 1889 persoonlik onderteken. Die landmeterskaarte in ons besit is 138 jaar oud en in 'n uitstekende toestand. Weereens baie dankie. Dit is 'n kosbare nalatenskap vir ons nageslag.

## Skitterende artikel

**Betsie Steyn van Kleinfontein:**
Baie dankie vir die skitterende artikel oor Michelle Fourie en haar perdedinge en -bedrywighede in ***Die Bronberger*** se Mei-uitgawe.
Daar was vanjaar reeds agt SAWMG-byeenkomste (dit is Amerikaanse en Westerse perdrykompetisies), maar Michelle kon net aan vier deelgeneem het weens finansiële probleme.
Sy het met die vierde kompetisie onlangs gekwalifiseer om verder te gaan, nou moet sy blykbaar in Julie finaal kwalifiseer vir die nasionale kompetisie in September.
Sy hoop om goed te vaar en finansieel in staat te wees om na die einde deur te dring. Ons hou baie styf duim vas vir hierdie kranige ruiter en wens haar die allerbeste toe. Sy doen dié dinge om aan ander vroue te wys wat gedoen kan word!

## Passievol oor stokperdjie

**Stersia Botha van Mooikloof:**
Ons wil net graag vir al die vriendelike mense by Kitty Hawk-vliegveld 'n sterretjie gee. Ons het kleinkinders wat hou van enigiets met wiele. Een Saterdagoggend kon hulle hul verkyk aan allerhande vliegoeters net hier voor hulle waar ons heerlik op die stoep gekuier het.
Ons kan regtig die plek aanbeveel vir 'n heerlike kuier. Jy sien sommer mense wat passievol oor hulle stokperdjie is.
*Brief verkort. – Red*



## Ons Voorblad

'n Reusevisvanger geniet 'n sappige happie by Rietvlei-natuurreservaat. Gerhard Scheepers het die foto geneem



# Bronnie-hart klop warm in die winter

Die deurlopende positiewe terugvoer (soos in enkele skrywes op ons brieweblad weerspieël word) van getroue Bronnie-lesers uit ons gebied verwarm die hart en maak ons opgewonde oor die toekoms.
Die boodskap is duidelik – ons lesers is omgee-mense wat saamstaan wanneer dit nodig is, soos nou weer in 'n deel van ons landelike gebied gesien kan word. In 'Sandplan kry groen lig' op bl 6 vertel ons dat die departement van minerale bronne en energie vir Mtluva Mining omgewingsmagtiging gegee het om op bykans 965 000 hektaar van Onbekend en Kameelzynkraal vir verskillende soorte sand, sowel as aggregaat en allerhande soorte klip en klei te prospekteer.
Teen die Bronnie se saktyd het 'n groot groep inwoners saamgestaan om teen dié magtiging te appelleer. Al die eiendomme wat deur die voorgestelde mynbouaktiwiteite geraak sal word, is landbougrond. Plaashuise, store, lande, lewende hawe, weiding, heinings en aangeplante gewasse sal in die slag bly, sou daar gemyn word. Dit sal 'n verlies aan inkomste en sake van almal wat daar boer tot gevolg hê asook die koste om in 'n nuwe gebied te hervestig.
Op bl 6 vertel ons ook hoe 'n stedelike gemeenskap saamstaan. Die Pretoria-Oos Gemeenskapsorgforum het slaggate en krake in Moreletapark-paaie getakel. Dié span sny ook gras en verwyder onkruid en bome, wat tussen die sypaadjie en die stormwater-dreine groei.
Op bl 8 kan oor nog 'n saamspan-sukses gelees word. In 'Dragtige ietermagog op Cullinan gered' berig ons dat Opal, die ietermagogwyfie, gered is danksy 'n operasie wat deur die Cullinan-polisie se eenheid vir veediefstal en bedreigde spesies, die Gautengse verkeerspolisie en verskeie ander polisie-eenhede van stapel gestuur is.
Dit is 'n misdaad om in besit van 'n ietermagog of liggaamsdele van een van dié bedreigde diere te wees. Hulle is meer bedreig as renosters en moeiliker om te beskerm.
Dit is danksy die Bronnie se adverteerders dat ons hierdie en ander nuus met lesers kan deel. Daarom kan ons nie nalaat om ons adverteerders, waarvan sommige ook weens die omstandighede swaar trek en baie ook nuwe en innoverende planne moes maak om sake aan die beweeg te hou, uit ons harte te bedank vir die volgehoue ondersteuning oor die afgelope 22 jaar nie.
Ons bly opreg dankbaar vir die Bronnie se lojale lesers, wat deur wonderlike meelewing en die volhardende ondersteuning van ons adverteerders, die Bronnie-hart propvol hoop vir 'n blink toekoms aan die klop hou.

**Om jou Bronnie maandeliks elektronies te kry, stuur die versoek met jou naam en van en die omgewing waar jy woon na info@bronberger.co.za.**
**Stuur 'n dergelike versoek per WhatsApp na 083-959-1016 om die elektroniese uitgawe op WhatsApp te ontvang. Dit is gratis.**









# Sandplan kry groen lig

Mtluva Mining het omgewingsmagtiging gekry om op bykans 965 000 hektaar van die plase Onbekend en Kameelzynkraal te prospekteer.

Die departement van minerale bronne en energie het dié magtiging op 20 Mei uitgereik en geregistreerde belanghebbende partye het 20 dae daarna gehad om teen die besluit te appelleer.

In Junie verlede jaar het ons berig dat Onbekend en Kameelzynkraal se inwoners bekommerd is oor die toekoms, sou die prospekteerregte in dié landbougebied toegestaan word.

Mtluva Mining wil prospekteer vir verskillende soorte sand, soos betonsand, bousand, vergruiser-sand, opvullingsand, gieterysand, glassand, algemene sand en silikasand, sowel as aggregaat en allerhande soorte klip en klei. Silikasand is bekend vir 'n hoë risiko vir silikose, 'n longsiekte veroorsaak deur inaseming van silika, kwarts of leiklip-deeltjies.

Die projekgebied is ongeveer 20 km suid-wes van Bronkhorstspruit. Toegang tot die gebied is met 'n grondpad wat aan die Witpoortpad (Garstfonteinweg-verlenging of die M30) verbind is, ongeveer 1,2 km oos van die Bronkhorstspruit-Bapsfonteinpad (R25) en M30 kruising.

Die voorgestelde projek behels die boor van omtrent 10 gate om mineraalafsettings, kwantiteit, ekonomiese lewensvatbaarheid en moontlikhede om die projek na 'n lewensvatbare myn om te skakel, te bepaal. Die prospekteerdery sal vir vyf jaar duur en dit kan vir 'n verdere drie jaar hernu word, indien nodig.

Volgens die departement van minerale bronne en energie is 'n voldoende openbare deelname-proses afgehandel. Inwoners het verlede jaar beswaar gemaak teen die manier waarop openbare deelname-vergaderings gedoen is en het gesê dat die korrekte prosedures nie gevolg is nie. Hulle het ook beswaar gemaak teen die verslae en het gesê dat daar ernstige foute in is, dat dit onvolledig is en dat sekere inligting nie wettiglik bekom is nie.

Die departement het in die magtiging gesê dat omgewingsimpakte, wat met die voorgestelde aktiwiteite verband hou, aangespreek sal word deur die toepassing van die voorgestelde versagtende maatreëls wat in die basiese beoordelingsverslag uiteengesit is. Volgens die departement is die potensiële impakte op die persele duidelik ondersoek.

Al die eiendomme wat deur die voorgestelde myn geraak sal word, is landbougrond. Plaashuise, store, lande, lewende hawe, weiding, heinings en aangeplante gewasse sal in die slag bly, sou daar gemyn word. Dit sal 'n verlies aan inkomste en sake van almal wat daar boer tot gevolg hê asook die koste om in 'n nuwe gebied te hervestig.

Inwoners is veral besorg oor die invloed van dié aktiwiteite op die grondwater en almal se waterbronne, insluitende Laerskool Witpoort. Hulle sê dat dit ook 'n toename in verkeer op 'n baie gevaarlike pad sal veroorsaak.

Ander besware teen 'n sandmyn is die impak op verskeie spesies diere en plante wat bedreig of skaars is; 'n toename in stof en lugbesoedeling; die geraas van groot masjinerie en toerusting, die migrasie van wilde diere, vernietiging van die natuurlike omgewing en veiligheidskwessies met die toename van werkers in die gebied.

# Moreletaparkers takel slaggate self

Die Pretoria-Oos Gemeenskapsorgforum het slaggate en krake in Rubensteinrylaan, Moreletapark op 22 Mei getakel.

Stigtersdirekteur van dié forum, Deirdré van Helsdingen, het gesê dat 'n span van ses lede om 7 vm ingespring het om die pad te begin regmaak. Inwoners ondersteun die forum deur R95 te skenk om deel van die fondse te word en die fondse word vir verbeteringswerk gebruik.




*Deirdré van Helsdingen*



*Slaggate in Rubensteinrylaan is reggemaak*
*Foto's: Verskaf*

Daar was verskeie skenkings van sake-ondernemings en individue in die gemeenskap, soos die sleepwaentjie, werkgereedskap, sakke teer en asfalt. Deirdré het gesê dat die span ook gras sny en onkruid en bome, wat tussen die sypaadjie en die stormwater-dreine groei, verwyder. 'n Groot slaggat is ook in Jacquesstraat reggemaak.

Die regmaak van slaggate deur enige individu of instansie anders as die munisipaliteit was voorheen nie toegelaat nie. Met die nuwe gemeenskapsverbeteringsgebiedaanslag, kan geregistreerde inwoners en organisasies nou self by herstelwerk betrokke raak.













# Dragtige ietermagog op Cullinan gered



*Opal, die ietermagog wat op Cullinan gered is*
*Foto's: Verskaf*

'n Dragtige ietermagogwyfie is op 17 Mei op Cullinan gered ná 'n fyn beplande polisieoperasie waar vyf verdagtes aangekeer is. 'n Week later het Wendy Wilson, woordvoerder vir die Johannesburgse Dierehospitaal vir Wild, laat weet dat die ietermagog, wat hulle Opal gedoop het, deur baie erge trauma is. Wendy het gesê dat hulle versigtig optimisties is oor Opal se herstel.



*'n Ietermagog het nie skubbe op die pens nie*

"Sy was baie honger en gedehidreer. Weens hulle gespesialiseerde dieet, neem dié diertjies niks in as hulle deur stropers aangehou word nie."

Opal is gered danksy 'n operasie wat deur die Cullinan-polisie se eenheid vir veediefstal en bedreigde spesies, die Gautengse verkeerspolisie en verskeie ander polisie-eenhede van stapel gestuur is ná inligting oor die beoogde transaksie op 10 Mei ontvang is.

Polisiewoordvoerder, adjudant-offisier Johan van Dyk, het gesê dat 'n operasionele span gevorm is en in die omgewing van waar die transaksie sou plaasvind, gevestig is. 'n Taktiese span was op bystand vir ingeval enige iemand sou probeer vlug en alle ingange en uitgange is gedek.

Johan het gesê dat twee voertuie by die afgespreekte plek aangekom het en dat die span drie verdagtes in een van die voertuie in hegtenis geneem het. Die tweede voertuig het weggejaag en is in 'n hoëspoed-jaagtog in die rigting van Mpumalanga agternagesit.



*Opal rol haarself in 'n bal op om haar pens te beskerm*

Die polisie het die voertuig voorgekeer en die insittendes is in hegtenis geneem. Daar is ook beslag gelê op die verdagtes se twee Toyota Corolla-voertuie.

Dit is 'n misdaad om in besit van 'n ietermagog of liggaamsdele van een van dié bedreigde diere te wees. Die Nasionale Omgewingsbestuur Biodiversiteitswet beskerm die ietermagog. Verbreking van dié wet kan tronkstraf van tien jaar of 'n boete van tot R10 miljoen tot gevolg hê.

Dié diertjies is meer bedreig as renosters en moeiliker om te beskerm. Daar is 'n oorweldigende groot mark vir ietermagog-skubbe in Asië, veral in Sjina, omdat daar geglo word dat die skubbe medisinale waarde het.

# Wapadrand-substasie mik vir Oktober-voltooiing

Werk aan die Wapadrand-substasie verloop volgens plan, het adjunk-burgemeester Nasiphi Moya ná 'n besoek op 16 Mei gesê. Sy het gesê dat sy vol vertroue is dat die voltooiingsperdatum in Oktober behaal sal kan word.

Die rekonstruksie en herontwerp van die Wapadrand-substasie word gedoen om die betroubaarheid van elektrisiteitvoorsiening te verbeter en herhaalde kragonderbrekings te verhoed. Stad Tshwane het in Maart 2022 aangekondig dat 'n R134 miljoen projek by Wapadrand-substasie geloods word om die groeiende aanvraag na krag in die gebied te kan hanteer.

Dié substasie het op 10 Julie 2018 en weer op 17 Julie 2021 aan die brand geslaan, wat dae-lange kragonderbrekings tot gevolg gehad het. Nasiphi het in Mei gesê dit is belangrik om die nodige beskermingsmeganismes in plek te hê sodat toekomstige brande en ontwrigtings verhoed kan word.

Metro-woordvoerder, Lindela Mashigo, het gesê dat die Wapadrand-substasie volgens moderne tegnologie herontwerp word en dat verskeie veiligheidsaspekte, wat vroeër nie ingesluit was nie, nou in plek sal wees.

Volgens Lindela was die meeste brande by dié substasie die gevolg van elektriese foute in die sekondêre netwerk. Stad Tshwane werk daaraan om die beskermingstelsel te verbeter sodat foute in die sekondêre netwerk afgesonder kan word voor dit die primêre substasies bereik.

Lindela het bygevoeg dat daar verskeie gevalle van battery- en kabeldiefstal in die verlede en weer onlangs was. Kabels en batterye is integrale dele van toerusting wat nodig is om stabiliteit te behou en substasies te beskerm.








# Tragedie tref Wet Nose



*Die plek waar die taxi deur die grensmuur gebars het*
*Foto: Verskaf deur Wet Nose*

Een passasier is dood en 11 ander beseer toe 'n taxi die aand van 13 Mei deur Wet Nose Diereskuiling op Vaalbank se grensmuur gebars het. Die taxi het glo teen meer as 100 km/h op die Ou Bronkhorstspruitpad (R104) gery voor die voertuig van die pad af gery het, 'n rots getref het en omgeslaan het. Die taxi het die grensmuur langs Wet Nose se oefenbane getref.

Wet Nose se bestuurder en inspekteur, Veronica van Greunen, het gesien hoe die ongeluk gebeur. Volgens 'n verklaring wat dié dierskuiling uitgereik het, sou die taxi sekondes vroeër daar verbygeloop het.


Die meeste van die passasiers is uit die taxi geslinger en Veronica het gesien hoe een van die beseerde passasiers naarstiglik probeer om haar geliefdes te bel. Sy het die passasier gehelp om 'n oproep te maak.

Die passasiers het glo almal by dieselfde maatskappy gewerk en daardie oproep het beteken dat die nuus die ander mense se geliefdes ook bereik het. 'n Rukkie later het die beseerdes se gesinne by Wet Nose aangekom en hulle gebede en trane het die nag gevul.

Tshwane-nooddienste se woordvoerder, adjunk-hoof Charles Mabaso, het gesê dat hulle die noodoproep om 5:46 nm ontvang het. Toe hulle daar aankom was Gauteng-nooddienste se ambulans reeds op die toneel. Een pasiënt is dood verklaar, nege is beseer en twee het kritieke beserings gehad. Die oorsaak van die ongeluk vorm deel van die polisieondersoek.

Die beseerdes is na Bronkhorstspruit-hospitaal en Die Wilgers-hospitaal geneem. Nóg trauma is veroorsaak toe die laaste ambulans wat die toneel verlaat het, oor ysterpenne op die N4-Oos snelweg gery het.

# Beste in die land



*Heinrich Schoombie met sy toekenning*
*Foto: Verskaf*

Heinrich Alexander Schoombie van Olympus het die beste in Suid-Afrika gevaar in die Cambridge internasionale AS-vlak rekenaarwetenskap-eksamen. Hy het sy toekenning op 9 Mei by 'n swierige seremonie vir uitstaande Cambridge-leerders by Melrose Arch in Johannesburg ontvang. Dié jaarlikse prysuitdeling is deur Cambridge en die Britse Raad gereël vir die eksamens wat verlede jaar geskryf is. Heinrich het op 4 April 18 geword en was maar 17 jaar oud toe hy die eksamen geskryf het.

Hy is 'n leerder by Saintsburg in Achillesweg, Zwavelpoort, 'n onderrigsentrum wat die Britse kurrikulum volg en kinders met eksamenvoorbereiding help. Hulle leerders skryf by Cambridge-sentrums eksamen en Heinrich het sy eksamen by die plaaslike Montessori-kollege afgelê.







Family Pet Centre
By Family Pet Centre kan
Jasper homself wees.
DIE GROOTSTE
1-STOP
TROETELDIER-
WINKEL
IN SUID-AFRIKA
SILVER LAKES Hazeldean Square Winkel #47
KONTAK ONS: 012 750 0090
CENTURION Centurion Lifestyle Centre
KONTAK ONS: 012 941 4825
FOURWAYS Fourways Crossing Shopping Centre
KONTAK ONS: 011 033 4600
BESOEK ONS WEBTUISTE WWW.FAMILYPET.CO.ZA
Vir ons geveerde gesin se veiligheid, moet asseblief nie met voëls die winkel binnegaan nie.

TEL: 011 822 8503 / 011 964 1323
FAX: 086 630 2616
sales@gas2u.co.za
www.gas2u.co.za
GAS2U
GPS co-ordinates
-26.0026161 28.4140339
14 Magic Avenue Bapsfontein
(near BP Garage)
LP Gas for sale
Walk-in price unbeatable
Orders include
Free Delivery
48-50kg
14-19kg
2 - 9kg
New Cylinders for sale
Industrial Gas for sale
Cylinder Monthly Rental
OXYGEN
OXYGEN
ACETYLENE
Same Day
FREE Delivery
Totai cooker top
Now
R130
Totai portable gas cartridge stove
Now R259
U-Save R110
Gas cartridge deal
Bulk Buy Deal
R129 (4 Tins) U-Save R70
OR R49.95 each
Just Arrived
totai
Totai 12L Digital Geyser
(Fan forced)
Now R7 999
Totai Geyser
Controller pad unit
(indoor) 20m cable
20L R11 499
30L R14 999
(Fan forced units: outdoors)
Totai 4-Burner Gas Hob, 600mm
Black Stainless Steel & Wok (double) burner
Now R2 499 U-Save R300
Totai 5-Burner Gas Hob, 900mm
Stainless Steel & Wok (double) burner
Now R2 899 U-Save R600
Every day is pensioners day – less 5% (gas only)
Prices valid until end of June 2024
T's & C's apply. All prices include VAT
PRO-MAX
ATLAS
INTASAFETY

# Het jy gehoor? / Have you heard?





Die 'Van Toeka se Tyd Mampoerfees' is op 29 Junie vanaf 8 vm tot 4.30 nm by die Willem Prinsloo-landboumuseum op die Ou Bronkhorstspruitpad (R104). Gaan proe mampoer, mampoerlikeur of witblits en dans op die maat van gewilde musiek. Daar gaan 'n vlooimark wees, 'n biertuin, landbou-implemente, waarvan sommige tot sover terug as die 18de eeu dateer, museumtoere en 'n demonstrasie van veteraan trekkers, motors en antieke motors. Kyk hoe koffiebone gemaal word, hoe kerse gemaak word en proe aan varsgebakte brood uit die 1880 buite-bakoond. Kinders kan uitsien na trekkerritte, speletjies, springkastele, perderitte en pret met plaasdiere. Kaartjies kos R55 vir volwassenes en R35 vir kinders en is beskikbaar by quicket.co.za. Bel Julia by 082-895-7141 of Maggie by 081-001-0675.

• • •



Gaan kyk 'n bietjie of jy vir 'n perd kan wegry of weghardloop by Hazeldean Valley-roetes se Plaasuitdaging op Maandag 17 Junie om 7 vm. Die geleentheid word gereël deur BoutTime Event Mangement & Time Keeping, Go Sport Events en Albie Assie de Lange. Jy kan 5 km draf teen R100 en 10 km teen R150. Bergfietsroetes en perderitte kos R150 vir 15 km en R200 vir 30 km. Kaartjies is by www.entryninja.com/events/80068-farm-challenge te koop. Hazeldean Valley is op die hoek van Ridgeweg en Oukraal Boulevard, Hazeldean.



Liewe Heksie en haar kaboutermaats kuier op Vrydag 21 Junie om 9:30 vm en 12:30 by die AfriForum-teater. Sy sukkel soms met lang woorde, maar gelukkig is Blommie die Kabouter en haar geliefde Mattewis die Kat altyd naby om te help. Voor pouse word 'Liewe Heksie en Botterblom' opgevoer en ná pouse is dit 'Liewe Heksie en die Tuindwergie'. Kaartjies kos R150 en is by afriforumteater.co.za beskikbaar. Die teater is op die hoek van Thomas Edison- en 13e Straat, Menlopark. Skakel 066-420-6181.

• • •



Calling all cat lovers and creative artists. You have until 30 June to enter Wet Nose Animal Rescue Centre's Colourful Canvas art competition. Choose an adorable Wet Nose cat at www.wetnose.co.za/adopt/adopt-a-cat/ and use any medium, brushes, pencils, digital tools or stone painting, to create an artwork of A3 size. The entry fee is R50. Contact the shelter at 082-677-8084.

• • •



Chris Else tree op Sondag 14 Julie op by Die Boer in Hazeldean Valley op die hoek van Oukraal Boulevard en Ridgeweg. Sy vertoning begin om 12:30. Kaartjies kos R100 en is by iTickets beskikbaar. Voor die vertoning, om 10:30 vm, is daar 'n erediens saam met Chris Else. Toegang daarvoor is gratis. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos: kultuurpark@dieboer.co.za.

• • •






Het jy gehoor dat die Krag-Dag-terrein hierdie jaar verdubbel? Besoekers kan uitsien na 11 hektaar uitstalterrein vir die ekspo van 8 tot 10 Augustus by Diamantvallei-landgoed op die R515. Met die leuse "Doen jou eie ding!" fokus Krag-




Dag op self- en onderlinge versorgingsoplossings vir huishoudings, hoewe- of plaasbewoners en klein tot medium ondernemings. Hierin is energie-selfstandigheid 'n belangrike komponent, maar daar is vele ander uitstallings en die ekspo sluit ook 'n landbou-afdeling in. Vir meer inligting, besoek www.kragdag.co.za.

• • •

Nataniël keer op 29 Junie om 11 vm en weer om 3 nm terug na die verhoog by Atterbury-teater met sy gewilde Gesels-reeks. Wat presies beteken die woord, 'presteer'? Deur wie word



dit bepaal? Hoe word dit gemeet? Is dit enigsins nodig? Wat is die beloning? Wat is die prys wat betaal word? Nataniël takel dié onderwerp met stories, humor, deernis, vrae, antwoorde, vermaaklikheid en eerlikheid. Lede van die gehoor kan vrae vooraf in 'n houer plaas. Kaartjies kos R300 en is by seatme.co.za beskikbaar. Die teater is in Daventry-straat 4, Lynnwood Manor.



Jack Parow tree op Saterdag 29 Junie om 9 nm by Padstal, The Highwaystraat 265, Equestria op. Dié kletsrymer se eerste treffer was 'Cooler as ekke', wat in Desember 2009 vrygestel is. Sedertdien het hy al saam met ander kunstenaars en groepe soos 'Die Heuwels Fantasties', 'Die Antwoord', Joost Klein en Francois Van Coke gewerk. Kaartjies kos R100 en is by quicket.co.za beskikbaar.






## Tradisie van T-lepel-ete

Die jaarlikse T-lepel-ete het 52 seniors op 15 Mei by die Premiermyn Hervormde Kerk op Cullinan byeengebring.
Die term 'T-lepel-ete' is presies wat dit sê: Alles word met teelepels geskep en geëet. Tafels is mooi gedek en keurige disse is voorgesit by dié geleentheid, wat deur die gemeente se seniorsgroep, Die Swaeltjies, gereël is.

Om meer fleur aan die geleentheid te gee, is die gaste se algemene en musiekkennis getoets.



*Van links na regs: Annette Erasmus; Hester Botha; Suzan de Jager; Louise Bierman en Elaine Steenkamp*
*Foto: Verskaf*

## Geure ter herinnering

Die Tierpoort Seniors se mammas en oumas is baie spesiaal laat voel by 'n vroeë Moedersdagviering op 8 Mei by Danie Crous se Rolling Waters in Nkweweg.
Met pienk proteas en pêrels op die tafels is die gaste met 'n outydse suurlemoenstroop verwelkom. Aan elke wynkelkie se steel was Antjie Krog se gedig, 'Ma', gebind.
Die tema van die dag, "'n Vrou in elke geur', is deur oud-komiteelid, Mariet van Niekerk, behartig. Sy het verskeie takkies, blare en blomme gebring om die wonder van plante, die geskiedenis daarvan (selfs uit die Bybel se tye) sowel as die gebruike te demonstreer. Mariet het vertel hoe mense, selfs in die winter, geure in hulle huise kan versprei. Daarna kon die gaste hulle eie pot pouri-sakkies vul.
'n Heerlike ete, soos ouma dit sou gekook het, is deur die komitee voorberei: Geurige kerrie-piesang frikkadelle op kaneelrys, pampoentert en outydse tamatieslaai is opgedien, gevolg deur 'n lemoenpoeding met room.




*Strekoefeninge vir "Sit-Fit"*




# Roem kom helaas te laat om vurige skilder se lewe te red

Angie Kleijn

'n Kunstenaar wat baie Pretoria-tonele in die vroeë 1900's op die skilderdoek verewig het, kon net die laaste ses jaar van sy lewe voltyds aan sy kuns toewy. Toe hy uiteindelik die kans kry, het hy "vurig en ononderbroke" geskilder en dit is juis dié passievolle benadering wat sy dood veroorsaak het.



*'n Selfportret*

*Bron: dbnl.org – Die nuwe brandwag. Tydskrif vir kuns en lettere. Jaargang 1929*


So sê dr Francois Verster in 'Pieter Wenning, eensame, talentvolle baanbreker'. Pieter Wenning kon weens finansiële redes eers op die ouderdom van 41 jaar voltyds begin skilder. Hy is dood toe hy 47 jaar oud was.

Francois skryf dat Pieter in 1916, met DC Boonzaier se finansiële ondersteuning, na Kaapstad gereis het. Hy het 'n ateljee in Nuweland gehuur en het op tipiese intense wyse begin skilder, dikwels in reënweer. Sy swak gestel, wat juis die rede was waarom hy na Suid-Afrika geïmmigreer het, kon dié toestande nie hanteer nie.

## Gebore

Pieter Willem Frederik Wenning is op 9 September 1873 in Den Haag, Nederland gebore. Hy is aan die Rijks Hoogere Burgerschool in Leeuwarden opgelei en sy kunsonderwyser, Bubberman, het vroeg reeds dié seun se talent raakgesien. Hy het probeer om Pieter se ouers te oortuig om hom 'n loopbaan as kunstenaar te laat volg. Alhoewel Pieter se pa in heraldiekkuns gespesialiseer het, het hy hom afgeraai om kuns te studeer.

Pieter het ná skool as klerk by die Hollandsch Ijzeren Spoorweg



*Pieter aan die werk*

*Bron: Wikipedia*

Maatschappij gaan werk. Hy is gou tot buitelandse korrespondent in die klaringsafdeling bevorder omdat hy 'n goeie kennis van Duits, Frans en Engels gehad het. So het hy reise na Frankryk, Duitsland, Switserland, Engeland en Skotland onderneem.

Hy het in 1898 met 'n weduwee, wat twee kinders gehad het, ge-



*'Wolke, Pretoria' deur Pieter Wenning*

*Bron: wikiart.org*

trou: Hillegonda Kramer-Bennink (Julie 1866 – Februarie 1919). Pieter en Hillegonda het twee seuns gehad: Harco en Siegfried.

## Pretoria

Pieter het 'n pos by JH de Bussy en Kie, boekhandelaars en uitgewers, se filiaal in Pretoria gekry. In Junie 1905 het hy en sy gesin met die Gaika in Durban geland. 'n Brief van koningin Wilhelmina aan die goewerneur van Transvaal het hulle in staat gestel om as Hollandse immigrante in Pretoria te woon, waar hy in sy vrye tyd geskets en skilder het.

JH de Bussy en Kie het in 1911 ook begin om etse en afdrukke (onder meer Japannese houtdrukke) en kunstenaarsmateriaal te verkoop en Pieter was in beheer van dié afdeling. Hy was lid van die Pretoriase tak van die Frieslandse Vereniging en was later ook 'n vertaler by die hooggeregshof.


## Individualiste

Saam met JH Pierneef en George Smithard, het Pieter in Mei 1911 'n stigterslid van Die Individualiste geword, 'n groep kunstenaars wat hulle werk saam in Pretoria uitgestal het. Hulle eerste uitstalling was op 20 November 1911 en die



*Jacob Hendrik Pierneef se pastelskets, genaamd 'Pieter Wenning met Pretoria in die agtergrond'*

*Bron: artsandculture.google.com*




*RSA 1980: Pieter Wenning*

*Bron: Bobshop.co.za*

groep het aanvanklik bestaan uit Marcelle Piltan (mev W Morley), Selina C Harding, Madge Cook (mev B Phillips Denham), Nina Murray, Sydney Stent, mnr G Schild en JH Pierneef.

Sydney Stent was 'n leerling van G Crossland Robinson van Kaapstad en monsieur Bourotte van Brussel. Nina Murray het 'n kunsateljee, gebaseer in Kerkstraat 438, tussen Du Toitstraat en Arcadiabrug, gehad. Sy is opgeteken as onderwyser en kunstenaar en was Pretoria se tweede vroulike fotograaf. Die eerste een was MRB Robertson.

Later het mnr RO Gross, mej SC Harding, Coenraad Meischke en mnr H Siemerink by die groep aangesluit. Pieter is tot sekretaris van die groep benoem en in 1912 het mej G Anderson en mnr JL Gärtner aangesluit en Fanie Eloff is uitgenooi om saam met hulle uit te stal. Ander bronne noem dat Frans Oerder en Erich Mayer ook deel van dié groep was.

## Berig

Die 'Rand Daily Mail' van 30 Julie 1912 berig oor Die Individualiste se tweede uitstalling van 29 Julie tot 1 Augustus by die Pretoriase Stadsaal. Die berig lui dat Pieter



*Pieter se skildery, "n Blik op Daspoort', 1911*


*Bron: Universiteit van Pretoria Museums*

Wenning 'n skildery van Donkiekamp uitgestal het, JL Gärtner die uitsig vanaf die Uniegeboue, Nina Murray het 'n blik op Pretoria vanaf die perseel van die regeringsgeboue uitgestal en Marcelle Piltan se skildery was 'On top of a kopje'. Die oorgrote meerderheid van die skildery is by Meintjeskop geskilder. Pierneef het 'n skildery, genaamd 'Naby Apiesrivier', een van Meintjeskop en nog een van die Apiesrivier naby Hovesdrift met Meintjeskop in die agtergrond, uitgestal.

Die Individualiste het Pierneef glo gereeld na Meintjeskop vergesel

Na bladsy 16



# Vurige skilder . . .

*Vanaf bladsy 15*

om te skilder en te skets. In die Johannesburgse Kunsgalery is daar 'n pastelskets van Pierneef (gedateer 1910), wat 'n sittende Pieter Wenning uitbeeld, besig om teen die hange van Meintjeskop te teken met Pretoria in die agtergrond.
Dit is danksy die aanmoediging van hierdie en ander kunstenaarvriende, dat Pieter met sy kuns kon voortgaan. Hy het sy lewe lank met geldelike probleme geworstel, selfs ná sy eie etspers in 1912 uit die buiteland aangekom het en hy sy eerste bundel etse, 'Johannesburg Impressions', gepubliseer het.




*Pieter in Tokai, geneem deur sy seun, Harco*
*Bron: Die Kunste, dr Francois Verster*



*Die Individualiste omstreeks 1911, van links: Dr Grünberger, Nina Murray, Marcelle Piltan, Pierneef, mej Harding van die Normaalkollege, Pieter Wenning en mev Stent*
*Bron: Wikipedia*

## Kaap

Pieter het in 1913 in die Johannesburgse tak van De Bussy gaan werk en daarna, in 1915, by JL Van Schaik in Pretoria. In Maart 1916 maak DC Boonzaier en ander kunsvriende dit vir Pieter moontlik om drie maande lank sonder geldelike sorge in die Kaap te gaan skilder.
In 1917 en 1918 het Pieter grootliks in die Kaap gewerk, maar ook na Lourenco Marques, Durban en Zanzibar gereis.
Sy vrou is in 1919 oorlede, iets wat hom nog meer laat inkeer het, en Pieter het in die omgewing van Nylstroom, Potgietersrus, Pietersburg en Nelspruit gaan skilder. In die herfs van 1919 is hy terug Kaap toe en sy gesondheid het daardie winter vinnig verswak.
Om geld vir sy lang beplande reis na die Ooste te kry, het Pieter in 1920 feitlik sy laaste 20 skilderye vir slegs £200 verkoop. Hy kon egter nie 'n skeepsgeleentheid kry nie en is op 7 Januarie 1921 in 'n uiters verswakte toestand terug na Pretoria. Hy is op 24 Januarie 1921 in die Zuid-Afrikaansche Hospitaal aan tuberkulose oorlede.




*Durban 1980-05-06: Pieter Wenning*
*Bron: Bobshop.co.za*

## Gesog

Pieter se seun, Harco, skryf in sy boek, 'My father', dat sy pa se skilderye ná sy dood skielik uiters gesog was en dat mense wat hom blatant uitgebuit het in sy sukkelbestaan as kunstenaar, tóé skielik almal groot kenners en aanhangers van sy werk was.
Pieter het tussen 300 en 400 olieverfskilderye voltooi, en na raming net soveel etse en tekeninge – in potlood, kryt, soms met die toevoeging van waterverf. Vandag hang sy werk onder meer in versamelings in die Iziko Suid-Afrikaanse Nasionale Galery in Kaapstad, die Pretoriase en Johannesburgse Kunsmuseums, die William Humphreys Galery in Kimberley en die Wits Kunsmuseum.
In 'Die Suid-Afrikaanse Heldegalery' skryf dr CA Luckhoff: "Min kunstenaars het soveel invloed op andere in Suid-Afrika uitgeoefen as Pieter Wenning . . . Hy was die inluier van die egte impressionistiese beweging in die skilderkuns in Suid-Afrika, en daar kan met 'n mate van waarheid van 'n Wenning-kultus in Suid-Afrika gepraat word."
Wenningstraat in Groenkloof is na Pieter vernoem.



*Pieter se landskap, 'Vanderhovensdrif, Apiesrivier'*
*Bron: wikiart.org*



*Pieter se skildery, 'Wonderboom, Pretoria'*
*Bron: straussart.co.za*



*Pieter in Oktober 1919*
*Bron: Wikipedia*








# Droom verwesenlik

NG Gemeente Tygerpoort op Shere se Tygerplein-droom is in Mei verwesenlik. Dominee Zander van der Westhuizen en kerkraadsvoorsitter, Wilhelm Steyn, het die plein op Sondag 19 Mei aan die gemeente onthul.



*Saamkuier op Tygerplein*
*Foto: Verskaf*

Nuwe fasiliteite, wat multifunksionele lokale, 'n saal, winkel, video-ateljee en 'n koffiewinkel insluit, is om 'n plein gebou om 'n plek te skep waar die hele gemeenskap, nie net die gemeente nie, gereeld saam kan koffiedrink en kuier.



# Hout is klassiek, maar . . .

# DIE ANTWOORDE

**FD Maintenance spesialiseer in die herstel en behandeling van houtvensters, -deure en -rame.**



Houtvensters, deure en rame kan baie waarde en warmte toevoeg tot u eiendom, mits dit reg en gereeld behandel word. Voorkoming is beter as heling is waarlik van toepassing as dit by hierdie items kom.
Hout is 'n lewendige produk, en om maksimum lewensduur te kan verseker moet 'n voggehalte van ongeveer 12% voortdurend gehandhaaf word.
Ons is sedert 1986 in die bedryf en is dus deeglik bewus van die probleme waarmee huiseienaars sit. Die gebrek aan kennis van sommige kontrakteurs skep ook 'n probleem in hierdie gespesialiseerde veld.
Verkeerde produkte soos vernis word byvoorbeeld aangewend. Hout beweeg soos seisoene verander wat uitsetting- en inkrimping meebring. Dit het tot gevolg dat vernis begin afdop. Hierdie afskilfering bring mee dat die delikate interne voggehalte versteur word. Alleenlik penetrerende oliebasisprodukte moet gebruik word. Met al die wonderlike behandelingsformules deesdae op die mark is die dae van Roulynolie ook verby. Waak egter teen te donker getinte produkte wat onnodig hitte aantrek.
Die afskuur van items kan katastrofiese gevolge inhou en word vir verskeie redes nie aanbeveel nie. Dit laat onder andere kolle en strepe agter.
Sodra 'n grys/swart kleur op die oppervlak (veral aan die onderkante begin sigbaar raak, dui dit die begin van 'n verrottingsproses aan. Dit verg onmiddelike aandag om skade te beperk.
Dit is van uiterste belang dat wanneer deure, skuifdeure en opvouskuifdeure behandel word, dit uitmekaar/ afgehaal word sodat die onder- en bokante geseël kan word ten einde vogpenetrasie te beperk. Ons vervang gereeld die onderste dele (sill) waarop die spore aangebring is van skuif- en opvouskuifdeure wat verrot het.
Dit is aansienlik goedkoper as om die hele item te vervang. In die proses word die nuwe hout aan albei kante goed geseël om die penetrasie van vog te help teëwerk. Afgesien van behandeling gaan ons eers alle items na en die nodige herstelwerk word gedoen. Vensteroopmakers word meestal afgehaal vir herstelwerk. Sodra 'n oopmaker iewers vashaak kan dit begin skeeftrek wat waterlekkasies meebring.

**Laat u probleme oor aan ons en skakel 082 440 0676 vir 'n gratis kwotasie of stuur 'n e-pos na tjaart@fdmaintenance.co.za**










# Deur die lens van ons lesers

**In 'Leserslens' plaas ons foto's wat die aard en gevoel van die Bronnie se verspreidingsgebied uitbeeld, soos gesien deur die lens van ons lesers. Jy is welkom om jou foto's te stuur aan info@bronberger.co.za of om dit op ons Facebook-blad te plaas. Beskikbare ruimte bepaal hoeveel foto's ons in 'n uitgawe kan gebruik. Ons bêre alle foto's en poog om soveel moontlik in opvolgende Bronnies te publiseer.**




*Albert Bester het dié rooikophoutkapper voor die lens gekry*



*Oscar (van Oscar en Knersis) is 'n redding-liefde vanaf Wet Nose. "My hart se punt," sê Riaan Jacobs wat die foto geneem het*



*Wanneer die son in die Bronbergbewarea sak*
*Foto: Paul Gerber*



*Die son gaan onder met al sy kleure*
*Foto: Ursula Joubert*



*Aalwynblomme in die nag*
*Foto: `Alet Erasmus*



*Cullinan . . . die veld teen skemer*
*Foto: Eus de Clerk*



*'Vuurwarm in die winter' is die boodskap wat dié aalwyne uitstuur*
*Foto: Emma Koekemoer*




*Die son sak oor Die Boer in Hazeldean  Foto: Luanay Laubscher*



*'n Toneel op die plaas Elandsfontein buite Bronkhorstspruit*
*Foto: Riaan Jacobs*




*'n Houtkapperby of Timmermanby (Engels: Carpenter Bee, genus Xylocopa), hard aan die werk in die laat herfssonnetjie  Foto: Eus de Clerk*



*Dié kransduif het op Albert Bester van Rayton se grasperk geland*



*Die akkedis ontdooi in die oggendsonnetjie*
*Foto: Eus de Clerk*



*Emma Koekemoer het die vlerkeklap van dié spierwit duif bewonder*















# Mense irriteer my!

Het jy al gewonder of dit nie beter sou wees as ons almal dieselfde was nie? Sou dit nie geriefliker op aarde gewees het as almal soos jy was nie? Sou daar nie baie minder struweling, misverstande, en verbrokkelde verhoudings gewees het nie? Dit is moontlik, maar dit sou ook 'n baie vaal wêreld tot gevolg gehad het. Almal sou dieselfde motors gery het, van dieselfde kleure, klere en kos gehou het.

Om te kommunikeer en te reageer, is die suurstof van alle verhoudings. Die manier waarop mense binne enige verhouding by die werk of tuis funksioneer, is eintlik voorspelbaar. Sommige mense sal altyd op alles vanuit hulle emosies reageer. Ander reageer weer vanuit hulle denke, en dan is daar dié wat met hulle hele wese reageer.

Bykomend tot die verskillende style van reaksie, is daar nog 'n bóndel maniere waarop mense se optrede tot verdere irritasie kan lei. Daar is mense wat altyd iemand in hulle hoek wil hê want hulle wil voel dit is 'ons' teen die res van die wêreld. Dan is daar diegene wat altyd pro-aktief reageer – dinge moet onmiddellik gedoen word, en dan die teenpool, dié wat dink dinge kan tot oormôre wag. 'n Volgende potensiële mynveld ontstaan wanneer een vennoot in 'n verhouding onder onbevredigende omstandighede altyd luidkeels 'ontplof'. Dit raak veral ongesond as die ander vennoot weer in stilstuipe onttrek en in sy binnewêreld gaan stoom.




Hierdie verskille veroorsaak konflik en irritasie omdat mense mekaar nie verstaan nie, of eenvoudig nie hóór wat die ander een sê nie. Dalk hoor hulle, maar verstaan die situasie uit 'n ander perspektief.

Dit is dus geen wonder dat mense mekaar so maklik teen die mure uitdryf nie. Irritasie. Ons hou eintlik van mekaar, maar weet net regtig nie hoe om met mekaar saam te leef of te werk nie.

Elkeen is uniek geskape – die mensdom is 'n mengsel van kleure, geure en gene. "Ja, dit maak verhoudings soms ingewikkeld, maar met 'n bietjie kennis van jou eie en 'n ander persoon se samestelling, en natuurlik die wil om te verstaan, kan jy baie interpersoonlike spanning binne 'n verhouding opklaar," vertel Engelette Kruger.

Dr Kruger se doktorale tesis het oor die interaksie tussen persoonlike identiteit en beroepsidentiteit gehandel. Hierdie navorsing het haar op 'n ontdekkingsreis deur die menslike psige gelei. Na veelvuldige verdere opleiding en kursusse is sy bemagtig om mense te begelei om hulleself beter te verstaan en om hulle werks- en persoonlike verhoudings beter te ervaar.

Irritasie gaan altyd deel van jou leefwêreld bly. Niemand is volmaak nie. Maar jy kan dinge vir jouself makliker maak. Dit is moontlik om jou spanningsvlakke te laat daal sodat jy gemakliker met jouself en met ander mense kan saamleef.

In dr Engelette Kruger se praktyk werk sy met mense se persoonlike lewensstories. Sy sal jou binne jou eie storie begelei om te verstaan hoekom jy op 'n sekere manier optree. Indien jy irritasievlakke wil aanspreek, maak 'n afspraak. Binne sessies gee julle aandag aan frustrasies, woede, irritasies, of ander gevoelservarings wat in die onderbewuste gebêre is en wat jou gedrag bepaal.

Hierdie sessies is besonder sinvol vir bestuurspanne, mense binne 'n persoonlike verhouding, gesinne en dan natuurlik individue wat hulleself beter wil verstaan.



*Engelette Kruger*

**Lees op Instagram meer oor wat Engelette doen by: elkeen_is_uniek**
**Maak 'n afspraak vir 'n eerste gratis sessie by 082-901-0166 of engelette@gmail.com**








# Vang eers jou eland, sê Laurens oor Afrika-resepte


***In 'Mymerkos' hoor ons graag van lesers oor resepte wat heimwee wakker maak. Lesers is welkom om vir ons 'n ou familieresep te stuur saam met 'n foto van die ma of ouma wat die resep 'n familiedis gemaak het of 'n foto van hoe so 'n dis lyk.***

Skrywer, ontdekkingsreisiger, boer, soldaat, filosoof, opvoeder, weldoener en bewaringsbewuste . . . dié is net 'n paar van die dinge wat Laurens van der Post genoem kan word.
Hy was bekend vir sy belangstelling in die Boesmans van die Kalahari, sy tyd as krygsgevangene in



*Outeursfoto in 'Venture to the interior', 1952*

die Tweede Wêreldoorlog, sy vriendskap met die Switserse psigiater en psigoterapeut, Carl Gustav Jung, en sy invloed op die toekomstige koning Charles III en Britse eerste minister, Margaret Thatcher.
Laurens is op 13 Desember 1906 op Philippolis gebore as die 13e kind van Christiaan Willem Hendrik van der Post, 'n Hollander wat van Leiden na Suid-Afrika geïmmigreer het en in 1889 met Johanna (Lammie), 'n nooi Lubbe, getrou het.
Laurens se pa is in Augustus 1914 dood en hy het in 1918 op Grey-kollege, Bloemfontein begin skoolgaan. In 1925 het hy as verslaggewer vir 'The Natal Advertiser' begin werk.
Hy het sy eerste vrou, Marjorie Edith Wendt (1905 – 1995), dogter van die stigter van die Kaapstad-orkes, in 1927 ontmoet. Hulle het Engeland toe gereis en is op 8 Maart 1928 in Dorset getroud. Hulle eerste kind, Jan Laurens, is op 26 Desember daardie jaar gebore.
Die gesinnetjie is in 1929 terug na Suid-Afrika waar Laurens vir die




*'African Cooking' hardeband*
*Bron: amazon.com/*

'Cape Times' gewerk het. In 1931 is hulle terug na Engeland en in 1934 is Laurens se eerste boek gepubliseer. Dit was ook die jaar wat hy besluit het om te begin boer.
In 1936 het Laurens vyf keer na Suid-Afrika gereis en vir Ingaret Giffard (1902 – 1997) ontmoet en op haar verlief geraak. Net voor die Tweede Wêreldoorlog, in 1938, het hy sy gesin na Suid-Afrika terug gestuur en in Mei 1940 het hy by die Britse Weermag aangesluit.
Laurens het op 20 April 1942 'n krygsgevangene in 'n Japannese kamp geword. Ná die oorlog het hy vir twee jaar in Java agtergebly om as middelaar tussen die Indonesiese nasionaliste en die Hollandse koloniale regering op te tree. Hy het later militêre attaché by die Britse konsulaat in Batavia geword, het in 1947 uit die weermag uitgetree en is tot ridder geslaan.
In Mei 1949 het Laurens die eerste van vele kommissies en toere deur Afrika begin. Rondom dié tyd het



*Dié spotprent is deur Laurens se neef, Tom Bedford, vir sy oom se 80ste verjaardag geteken*
*Bron: perfectmanage.eu*



*Laurens van der Post*
*Bron: elmundo.es*

hy en Marjorie geskei en hy is op 13 Oktober 1949 met Ingaret Giffard getroud. Hulle is met wittebrood Switserland toe, waar Ingaret hom aan Jung voorgestel het.
In 1950 is Laurens vir die eerste keer Betsjoeanaland toe gestuur. Vele besoeke het oor die jare gevolg en Laurens het die Boesmans in sy boeke en televisieprogramme wêreldwyd bekendgemaak. Danksy dié werk is die Sentrale Kalahari Wildtuin in 1961 geskep om die Boesmans se bestaanswyse te help bewaar.



*Die Laurens van der Post Gedenksentrum op Philippolis*
*Bron: Wikipedia*

Laurens is op 15 Desember 1996, twee dae ná hy 90 jaar oud geword het, oorlede.
Sy boek, 'First catch your eland', is nie 'n kookboek nie, maar eerder 'n boek van herinneringe oor maaltye, kos en gasvryheid wat hy in dekades se toere deur Afrika beleef het. Van die teks in dié boek is soortgelyk aan sy boek, 'African Cooking', 'n groot koffietafelboek met teks en foto's met 'n klein resepteboekie by. Hierin verskyn 'n resep vir Mtori, 'n bief en meelpiesang ('plantain') dis uit Oos-Afrika.

## Mtori


(Lewer vier tot ses porsies)

**Bestanddele:** 3 pond bief kortrib in 3-duim stukkies gesny / 1/4 gallon water (0.95 liter) / 2 teelelpels sout / 3 medium-grootte ryp meelpiesangs, afgeskil en in ronde stukkies van omtrent 'n kwartduim dik gesny / 3 medium-grootte aartappels, geskil en in kwarte gesny in 'n bak koue water om verkleuring te verhoed / 2 medium-grootte uie, afgeskil en grof gekap / 1 eetlepel botter.

**Metode:** Sit die kortrib, water en sout in 'n groot swaar kastrol en laat dit vinnig kook terwyl jy die skuim wat boontoe kook, afskep. Stel die hitte laer en prut, gedeeltelik bedek, vir 'n uur en 'n half.
Voeg die meelpiesangs, gedreineerde aartappels en uie by en laat vir nog 30 minute prut of tot die vleis sag is en die aartappels maklik met 'n vurk fyngedruk kan word. Haal die kortrib met 'n tang uit en sit op 'n bord. Verwyder die bene, sny die vet en kraakbeen af en gooi dit weg. Sny die vleis in half-duim grootte stukkies.
Maak die vleis in 'n voedselmeul, wat jy oor 'n bakkie plaas, fyn en sit terug in die pot. Meng die botter in en prut vir 'n paar minute. Hierdie word 'n sop genoem, maar is eintlik 'n dik bredie wat in Oos-Afrika as 'n hoofgereg bedien word.



*Laurens met die maak van die 1956 BBC-reeks, 'The Lost World of the Kalahari'*
*Bron: Jonathan Stedall*




*'First Catch Your Eland'*
*Bron: booksforcooks.com*












mymerkos

# Trust and respect



**Dr Liesel van der Merwe is a small animal medicine specialist. Send her your questions: info@bronberger.co.za.**

I was working on voting day at the vet hospital and a client arrived with a very feverish five-month old cat. We could find nothing obvious on our general examination. Cats are sometimes like young children and may develop a fever from some arbitrary virus which goes away with one or two doses of an anti-inflammatory.
I suggested we try this and that they leave the cat with us overnight. Even though we cannot take new patients, we are staffed 24/7 for our hospitalised patients. My rationale was that the hospital is not open between 7 pm and 7 am, so if they were worried overnight, they would not have easy access to a vet.
The owner declined to admit her cat. When I asked her why, she said she didn't trust us. You can imagine my surprise. The client wasn't even mildly embarrassed by her comment. So, now I ask: Why come to a vet you don't trust? Rather find another vet you do trust. There are many vets available in the city, even in smaller towns. What am I supposed to do? I injected the cat with anti-inflammatories and sent them on their way.
It is a very different feeling when I am discussing a treatment plan with a client who needs to understand the process compared to when I am discussing a treatment plan with a client who either doesn't trust me or vets in general, and feels we are just out to make money off them.
I describe an effective management team for a patient as being dependent on: a receptive **owner**, who is rational and honest with expectations and limitations; **a vet** who is the same and is also prepared to spend time to explain things properly to a client so that they are able to make the best decision for both them and their pet; and the **patient** who, if it is a majorly aggressive dog or cat, cannot get the best care possible, as the risks to the vet and staff are too great and once the patient is sedated, we are limited in some of our clinical diagnostic clues.
At this stage in my career I've stopped trying to persuade clients that they can trust me. If they don't feel comfortable with me, they need to find another vet they do click with. People have personalities and some just do not mesh well.
The stress caused by a constantly suspicious or unhappy client is not worth the income gained.
Additionally, I've realized that, especially here at the teaching hospital, people seem to think we are experimenting on their pets. The faculty has a research centre, which is totally separate from the veterinary hospital. It may as well be on a different planet. So, when terms such as "we are going to run some tests" are used, we refer to blood tests and other diagnostic test to help diagnose your pet's condition.
Sometimes, when a condition is difficult to prove, it may be simpler to start treating what we think is most likely, as I was proposing for the cat. We are not using experimental drugs, but a known treatment to treat a symptom and then monitoring for a positive response. The same as a GP would do.
As you may hear from the tone of this column, I was quite offended. These are really the exceptions and most people appreciate that we are trying to help them and their pets. It is also becoming harder to do so as money is becoming less "available" for luxuries – a category where veterinary treatment often falls.
Please, try your best to stash a little away every month to help when vet care is needed. The costs of running a veterinary practice are soaring, just as much as costs elsewhere. We are unable to subsidise treatments just because we love animals.

# Kaskar-dag vir lekker lag






Laerskool Tygerpoort se kaskardag in Mei was weer een van dié skool se groot hoogtepunte van die jaar. Elke graad se optog in aanloop tot die resies het by die skool se glimlag-tema gepas en die manewales van die mense van Tygieland het deelnemers en toeskouers behoorlik uit die maag laat lag.




*Die graad eens het die ambulanse en medisyne gebring* *Foto's: Verskaf*



*Groot op glimlag!*




*'Ons lag uit ons maag – Tygieland'*







Bronnie van den Berg



# 'n Bang hond uit die boonste rakke



Hulle het destyds groot geboer op die vlaktes van toe se Wes-Transvaal. Hulle het mielies geboer en bees – pa en seuns.
Pa was 'n voorslagboer, 'n opperste korrelkop en 'n omgeneukte entjie mens wat nie geskroom het om die sambok in te lê as seuns of volk volgens hom aanjaag nie. Al wat 'n asem was op die plaas het behoorlik katvoet getrap om nie aan die oubaas se verkeerde kant te beland nie.
Een mooi aand kry ek vir Joop – die oudste seun – in die plaaslike drinkgat waar hy weer woes aan die kuier is. Joop was effe uitermatig lief vir kuier. Ek wonder toe hardop teenoor Joop of hy nie half bang is vir wat sy pa sal doen oor dié kuiery en die babelasgeboer wat desnoods moet volg nie.

## Plaashond

Dis toe dat Joop my vertel van sy wonderlike hond. Hy het baie lank gesoek vir die perfekte plaashond en na baie onsuksesvolle proeflopies met ander minder wonderlike honde, het hy hom nou gekry en boer hy en die hond te heerlik sonder vrees vir die oubaas.
Die geheim is, sê Joop so half agter sy hand uit, die geheim is 'n bang hond. En dis nie maklik om vandag die regte bang hond te kry nie, verseker hy my. Hy het vir Leeu in die statte op 'n buurplaas raakgeloop. Die waardevolste bang hond wat hy nog gehad het. Hy ruil hom vir niks in die wêreld nie.
Die ding werk só. Vroeg soggens, want op hulle plaas moet jy vroeg roer, laai hy vir Leeu agter op die bakkie en hulle vertrek om te gaan boer. Dis 'n groot plaas en dit kos soms 'n ent se soek om die regte koelteboom ver van die ergste gewoel af te kry.

## Roesrus

Daar maak hy die bakkie staan en Joop lê rustig voor met sy hoed so half oor sy oë om die ergste roes af te slaap. Leeu bly agter op die bakkie. Hy sal nooit afklim nie want hy is te bang.
Hy weet dis doodsake as sy pa hom só sou betrap daarom moet hy seker maak die kajuitvenster van die bakkie is oop.
Leeu is beslis die beste bang hond wat hy nog teëgekom het, want iets of iemand dink nog net daaraan om hulle koelteplek te nader, dan vlieg Leeu van die bakkie af, deur die oop venster tot bo-op Joop. Hy het altyd genoeg tyd om uit sy roesrus te ontwaak en doodluiters verder te boer sonder dat sy pa ooit onraad kan merk.
'n Bang hond is sowaar 'n boer se beste vriend . . .
***Gerhard Kleijn; Januarie 2004***










# The unlived life

We're bombarded by well-meaning motivators warning us how steep the psychological cost of an unlived life is. What exactly do they mean?

That you're not fully alive or present in your own life? That you're not fulfilling your potential? Not realizing your dreams?

We live in a society so obsessed with the "fear of missing out" that we've shorthanded it to FOMO. It is a constant feeling that we should have a better life, says British psychoanalytic writer, Adam Phillips, in his controversial book, 'Missing Out: In praise of an unlived life'.

The first sentence in his book is: "The unexamined life is surely worth living, but is the unlived life worth examining?" This may seem an odd question "until one realizes how much of our so-called mental life is about the lives we are not living, the lives we are missing out on, the lives we could be leading but for some reason are not," Adam writes.

"What we fantasize about, what we long for, are the experiences, the things and the people that are absent. It is the absence of what we need that makes us think, that makes us cross and sad . . . We refer to them as our unlived lives because somewhere we believe that they were open to us; but for some reason – and we might spend a great deal of our lived lives trying to find and give the reason – they were not possible."

"And what was not possible all too easily becomes the story of our lives. Indeed, our lived lives might become a protracted mourning for, or an endless tantrum about, the lives we were unable to live. But the exemptions we suffer, whether forced or chosen, make us who we are," he writes.

Adam says that if we're always haunted by the myth of our potential, we end up sharing our lives with the people we've failed to be. It makes our lives a perpetual falling-short, a continuing loss, a funeral song to roads not taken.

"So we may need to think of ourselves as always living a double life, the one that we wish for and the one that we practice; the one that never happens and the one that keeps happening."

Adam wants people to take responsibility for the life they're living, instead of feeling that they have been forced to settle for it. He quotes Randall Jarrell: "The way we miss our lives is life."

According to Adam, unlived lives reveal themselves most clearly in envy of others and the demands parents place on children. Swiss psychologist and psychoanalyst, Carl Gustav Jung, writes that "the greatest burden a child must bear is the unlived life of its parents."

In 'The burden of unlived lives: The extensive consequences of intergenerational trauma', Anny Papatheodorou writes about collective or historical trauma passed down the generations in families affected by events such as the Holocaust.

She also writes about the intrinsic desire to lead meaningful lives and when this potential is not reached, it can leave a feeling of purposelessness and dissatisfaction which can be passed down the generations.

Anny says that children might start emulating the 'stuckness' their parents feel and might spend much of their own lives trying to compensate for and overcome this. They might try to "fix or rescue" parents, prioritize their parents' needs, while forsaking their own or become emotionally withdrawn with Trojan defences.


So, it is not just the obvious examples, such as pressuring children to achieve the athletic or academic success their parents never could, that can do damage. According to Anny most of us inherit some degree of ancestral trauma. The point is not to blame, but to become aware of it and then to realize that you don't have to live someone else's life. Neither do you have to share your head space with the people you never became.

The focus shouldn't be on "missing out", on absence or lack, but on authenticity. This requires letting go of everything that is inauthentic. Dawna Markova writes that a major clean-up is needed when the inner walls to your soul are graffitied with "advertisements, commercials and the opinions of everyone who has ever known and labelled you".

She says that when you have the courage to shape your life from the essence of who you are, you become truly alive. You ignite.

You get to fully inhabit your days, girlfriend.








# KRUIE

Progast

**VERWYDER ONGEWENSTE FEKALE OPHOPING!**

## ONGEREELDE HARDLYWIGHEID

## KOLONREINIGING

### ERVAAR VERLIGTING BINNE 6-12 URE




**WWW.TARA.ORG.ZA**

**S0:** Hierdie produk is 'n Komplementêre Medisyne (Kategorie D33.7); en word volgens sy dissipline as 'n kombinasieproduk geïdentifiseer. Hierdie ongeregistreerde medisyne is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie. Verwys asseblief na die voubiljet.